NAGMAAL, GROENKLOOF, 23 MEI 1999

Uitsigloosheid, moedeloosheid en selfs hooploosheid: Tipies menslike verskynsel.

Ons almal ervaar dit van tyd tot tyd. Dit spoel oor mens en dikwels gaan dit gou weer weg, maar soms bly dit nogal lank. Dit is ‘n gevoel van betekenisloosheid. Vrae stoot op van binne af: Waarom is ek hier, wat is die sin van die lewe? Is alles die moeite werd? Met ‘n vae, skrikwekkende behoefte om tou op te gooi.

Dit is jongmense en ou mense, dit is soms kinders en dit is mense in hulle middeljare, dit is vrouens en mans. Almal ervaar dit van tyd tot tyd. Niemand kan sê sy lewe is net ‘n lied nie. Niemand kan sê dat die toekoms altyd helder en aanloklik is nie. Ons sien nie altyd lig nie.

Ons reis is inderdaad vergelykbaar met die van Abraham in Gen 22. ‘n Vreemde reis waarin jy voel dat dit wat jy gewen het weer van jou weggeneem word. Die hoop wat daar was vervaag. Abraham word gestuur op ‘n vreemde missie. Niks maak sin nie, nie vir hom nie en ook nie vir ons nie. Hy moet die belofte gaan teruggee, hy moet van voor af begin, leeg, gestroop van alle hoop..

Die plek waar hy dit moet gaan doen is op ‘n berg in die land Moria (vers 2). Dit is nie seker wat die naam beteken nie, maar volgens in vloedryke vertalings, soos die Vulgaat, het dit iets met sien te doen. Dit kan dan dalk vertaal word met ‘berg waar gesien word’. Maar hy sien nog niks nie. God sal hom dit nog aanwys.

Hy vertrek. Waarheen weet hyself nie. Hy sien niks, maar op die derde dag sien hy dit uit die verte (4). Isak sien nog niks en daarom daardie verskrklike vraag aan ‘n pa wat uiters verward is. Al wat hy kan sê is: God sal voorsien. (woordspeling met ‘sien’).

Toe hulle by die plek kom en A besef: dis die plek, dis die oomblik, nou is daar nie meer uitstel nie, bou hy ‘n altaar en bind sy seun vas en vat die mes. Wat ‘n verskriklike ding om te doen. Wat sou deur Isak se kop gegaan het. Seker net gedink: My pa is nie lekker nie…

En toe kom daardie stem, gelukkig. Net betyds! Dan lees ons in 11-12 dat Abraham ‘weer kyk’. God gee hom ‘n ‘replay’. Met die eerste kyk het hy nie gesien nie. Maar toe hy weer kyk…Letterlik staan daar hy het sy ‘oë opgeslaan’. Toe sien hy die skaapram. Daarom noem hy die plek ‘Die Here Voorsien’.

Dis daardie ‘weer sien’, die terugspeel, wat ons so nodig het. ‘n Nuwe perspektief, ‘n ander hoek, ‘n nuwe verstaan van ons wêreld. Die ram was al die tyd daar. Hy’t nie uit die hemel geval nie. Dis ‘n doodgewone ram, vasgedraai in ‘n bos. Maar A was tot op daardie stadium so vasgedraai, so verstrik in sy eie uitsigloosheid dat hy nie die uitkoms gesien het nie. Die verlossing was verduister.

So is verlossing altyd. Versluier. Verlossing is nooit obvious nie. Verlossing is nie ‘n strategie wat mens self uitwerk nie. Verlossing is nie ‘n oplossing nie. Dit is ‘n verrassende, vreemde uitkoms. Altyd anders as wat jy verwag het. Verlossing is op die eindpunt van die onsekere pad waarop die enigste sekerheid net God se beloftes is. Verlossing het niks te doen met die ‘miracle bussiness’ wat deesdae so populêr is in baie kerke nie. Abraham het nie na ‘n wonderwerk gesoek nie, hy net net God se belofte gehad. En toe hy daaraan vashou, het God hom ‘n replay gegee en toe sien hy die verlossing is al die tyd daar.

Die nagmaal is die padkos op die reis waarin ons net God se beloftes het om aan vas te hou. Deur die nagmaal wil God ons help om te midde van uitsigloosheid aan te hou om te wag op verlossing.

Daarom is die nagmaal vir kinders en grootmense wat nog baie dinge nie verstaan nie, wat wonder oor God se beloftes en begeer om minder te twyfel en beter te glo. Dit is nie vir die wat klaar goed glo nie, dit is vir die wat ‘n stryd voer om te kan sien.

Eet en drink en word versterk in julle geloof!

Liturgie

Votum Ps 67:2-3

Lied: Gs 15:1,3,4

Verootmoediging: Ef 4:1b-6

Preek

Belydenis van geloof

JSB 51

Nagmaal

Lied JSB 44

Seën